


## Die Gees en die Woord



---

### Sabbatmiddag

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

2 Petrus 1:19-21, 1 Korintiërs. 2:9-13, Psalm 119:160, Johannes 17:17.

#### Geheeteks:

“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus” (2 Tim. 3:16, 17).

**D**ie Bybel meld die volgende oor homself: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus” (2 Tim. 3:16, 17). Die Skrif vervul hierdie rol omdat dit die Woord van God is, soos dit deur die werk van die Heilige Gees aan die mensdom geopenbaar is. Die Heilige Gees maak God se wil aan ons deur die Bybel bekend, en dit toon aan ons hoe om ‘n lewe wat aanneemlik vir Hom is, te lei.

Maar die Heilige Gees was nie slegs werksaam in die verre verlede met die ontstaan van die Bybel nie. Hy is selfs vandag nog betrokke op vele ander belangrike wyses. En dalk is die belangrikste die lees van die Woord en ons begeerte om dit diepgaande te begryp. Dit is dan wanneer ons die Heilige Gees nodig het. Hierdie selfde goddelike Gees wek in ons die begeerte op om God se Woord te omarm, en die leringe daarvan in ons lewens toe te pas. Daarom werk die Gees saam met en deur die geskrewe Woord om ons tot nuwe skepels in Christus te transformeer. Ons gaan hierdie week die werksaamhede van die Heilige Gees naspur, en kyk in watter verhouding dit met die Skrifte staan.

\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 7 Januarie.

## Die Heilige Gees en Openbaring

Hoe verseker God dat sy wil getrou aan die gevalle mensdom oorgedra word? Hy bewerkstellig dit deur twee groot aktiwiteite van die Heilige Gees wat met mekaar verband hou: openbaring en inspirasie. In die proses van openbaarmaking is die mens afhanklik van die hulp van iemand wat apart staan om dinge wat ons nie self kan uitwerk of uit ons eie ken nie, aan ons, die geskape (maar gevalle) wesens, bekend te maak. Daarom onderrig die Heilige Gees ons in die waarhede wat aan ons vertel moet word (*lees byvoorbeeld Daniël 2:19-23*); andersins kon ons daardie dinge nooit uit onself of op natuurlike wyse geken het nie. Openbaarmaking is 'n proses waardeur God Homself, en sy goddelike wil, aan die mensdom bekend maak. Die basiese begrip van die woord *openbaring* (openbaarmaking) is 'n *ontsluiering*, of blootlegging, 'n bekendmaking van iets wat andersins verborge is. Ons het so 'n openbaarmaking nodig, aangesien ons as sterflike en gevalle wesens van God verwyderd en geskei is deur die sonde, en daarom is ons grootliks beperk in dit wat ons op ons eie kan leer. Ons is afhanklik van God om sy wil te ken. Gevolglik is ons afhanklik van God se openbaarmaking, juis omdat ons nie God is nie, en slegs 'n uiters beperkte natuurlike kennis van Hom het.

**Lees 2 Petrus 1:19-21. Wat sê dit oor die ontstaan van die bybelse profetiese boodskap? Wat sê die goddelike oorsprong van die bybelse boodskap vir ons aangaande die gesag van die Bybel?**

---

---

---

Volgens die apostel Petrus was die profetiese boodskap van die Ou Testament nie van menslike oorsprong nie. Die profete is op so 'n wyse deur die Heilige Gees aangevuur dat die inhoud van hulle boodskap van God gekom het. Hierdie manne het nie die boodskap self geskep nie. Hulle was bloot die draers van die boodskap, nie die oorsprongmakers nie. Petrus was uitdruklik toe hy op die Gees-geïnspireerde oorsprong van die profesieë gewys het: al is dit deur mense geskryf, is “geen profesie ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie” (2 Pet. 1:21). En dis die goddelike oorsprong wat aan die Bybel sy uiteindelijke gesag of outoriteit oor ons lewens gee.

**God het die mens gebruik om sy Woord aan die wêreld te verkondig. Hoe kan ons deur die Heilige Gees gebruik word om iets soortgelyk vandag te doen, nie om die Skrif te skryf nie, maar om dit wat reeds geskryf is, te verkondig?**

---

---

## Die Heilige Gees en inspirasie

*Inspirasie* is die term vir die invloed van God deur die werking van die Heilige Gees wat sy boodskap uitdra deur middel van die mens as instrument. In die proses van inspirasie is dit juis die werking van die Heilige Gees wat aanleiding gee tot die grondliggende eenheid van die waarheid in die hele Skrif. Die Gees van die waarheid (*Joh. 14:17, 15:26, 16:13*), en die Heilige Gees sal ons in die hele waarheid lei.

**Lees 2 Petrus 1:21, Deuteronomium 18:18, Miga 3:8, en 1 Korintiërs 2:9-13. Wat sê al hierdie skrifgedeeltes oor die bybelskrywers en oor God se betrokkenheid in die oorsprong (ontstaan) van die Bybel?**

---

---

---

Dis 'n baie sterk bevestiging van die werk en inspirasie van die Heilige Gees as ons lees dat die Skrif “deur die Heilige Gees meegevoer” is (*2 Pet. 1:21, AFR83. “Gedrywe” - AFR53*). In 1 Korintiërs 2:9-13 gee die apostel Paulus erkenning aan die Heilige Gees vir openbaarmaking en inspirasie. Aan ons as apostels sê hy dat God verborge dinge, wat geen oog nog ooit gesien het nie, openbaar maak. Hy meld hierdie dinge in vers 9. God het hierdie dinge deur die Gees bekendgemaak (*1 Kor. 2:10*). Die apostels het “die Gees wat uit God is” ontvang, “sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het” (*1 Kor. 2:12*). In vers 13 beweeg hy aan na die werk van inspirasie, waar hy praat van dinge “nie met woord wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk. Paulus het geensins getwyfel aan die bron en gesag van wat hy besig was om te verkondig nie. Alhoewel talle gedeeltes van die Bybel 'n resultaat van God se regstreekse bonatuurlike openbaring is, is nie alles in die Bybel op daardie wyse bekendgemaak nie. Soms het God bybelskrywers gebruik wat op persoonlike wyse self ondersoek ingestel het na dinge of die gebruik van ander bestaande dokumente (*Jos. 10:13, Lukas 1:1-3*) om sy boodskap bekend te maak en oor te dra. Dus is alle dele van die Bybel geopenbaar en geïnspireer (*2 Tim. 3:16*). Om hierdie rede meld Paulus dat “alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering”, sodat ons “deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê” (*Rom. 15:4*). Die God wat praat en mensetaal geskep het, stel gekose mense in staat om hierdie geïnspireerde gedagtes op 'n betroubare en vertrouenswaardige wyse met menslike woorde oor te dra. “God is tevrede daarmee om sy waarheid aan die wêreld deur menslike werktuie oor te dra, en Hyself, deur sy Heilige Gees, het mense aangestel en in staat gestel om sy werk te doen. Hy het die gedagtes gerig deur die keuse van wat gespreek en van wat geskryf moet word. Die skat is aan aardse draers toevertrou, maar dit is nietemin nog steeds van die hemel.”—Ellen G. White, *Selected Messages*, deel 1, p. 26, vry vertaal.

## Die Heilige Gees en die betroubaarheid van die Skrif

Enersyds is openbaring die bonatuurlike daad waardeur God waarheid aan die gekose mensdom bekendmaak. Andersyds is openbaring die aktiwiteit van die Heilige Gees, om die waarheid wat die menseskrywers neergepen het, te beveilig (as betroubaar te huldig), sodat hulle woorde die volle goedkeuring van God sal dra. God haat vals getuïenisse (*Eks. 20:16*) en kan nie leuentaal besig nie (*Heb. 6:18*). Hy word die God van waarheid genoem (*Ps. 31:5*, *Jes. 65:16*). Op 'n soortgelyke wyse word die Heilige Gees ook die “Gees van die waarheid” genoem (*Joh. 14:17*).

**Lees Psalm 119:160. Wat leer dit ons aangaande enigiets wat God aan ons bekendmaak?**

---

---

**Lees Johannes 17:17. Wat sê Jesus hier vir ons aangaande God se Woord?**

---

---

Die Woord van God is betroubaar en verdien om ten volle aanvaar te word. Dis nie ons taak om oor die Skrif te oordeel nie; die Skrif het eerder die reg en gesag om ons te oordeel. “Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en gewigte en murg, en is ‘n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart” (*Heb. 4:12*). Aangesien die Bybel, natuurlik, geskryf is deur diegene wat in spesifieke tye en plekke en kulture geleef het (dit kon nie anders gewees het nie), behoort ons nie daardie feit te gebruik om die Bybel se boodskap aan ons af te water of te ontken nie. As daardie deur eers een keer oopgemaak is, is die Bybel onderworpe aan die mensdom en sy eie bepalinge van wat die waarheid is. Die gevolg hiervan is dat, al bevestig hulle dat hulle die Bybel glo, verwerp hulle tog sekere dinge soos ‘n sesdag-skepping, ‘n wêreldwye vloed, die maagdelike geboorte, die vleeslike opstanding van Jesus en ‘n werklike tweede koms. Hierdie is slegs enkele van die bybelse waarhede wat feilbare mense, in hulle oordele oor die Skrifte, verwerp het. Dis nie die soort weg wat enigeen van ons ooit behoort te volg nie.

**Waarom is dit noodsaaklik om ons eie oordele aan die Woord van God te onderwerp, eerder as andersom?**

---

## Die Heilige Gees as onderwyser

Die Heilige Gees is nie slegs instrumenteel in die gee van die geskrewe Woord van God nie, maar is ons ook tot hulp in die behoorlike begrip daarvan. Die mensdom leef in duisternis in die begrip van die waarheid; hulle is van nature van God vervreem (*Efe. 4:18*). Dis daarom dat dieselfde Gees, wat die Woord van God geopenbaar en geïnspireer het, die Een is wat ons in staat stel om dit te verstaan. Die probleem is nie dat die Bybel 'n duistere boek is nie. Die probleem is ons eie sonde-bevlekte houding of gesindheid jeens God, wat Homself in die Bybel openbaar. Die Heilige Gees is 'n leermeester wat daarna verlang om ons tot 'n dieper begrip van die Skrif, en 'n vreugdevolle waardering van die Bybel, te bring. Hy bring die waarheid van die Woord van God onder ons aandag, en bied vars insigte in daardie waarhede sodat ons lewens deur getrouheid en 'n liefdevolle gehoorsaamheid aan God se wil gekenmerk sal word. Dit kan egter slegs gebeur indien ons die Bybel met nederigheid en met 'n leergierige hart benader.

**Lees 1 Korintiërs 2:13, 14. Waarvan skryf die apostel Paulus aangaande ons behoefte om geestelike dinge op 'n geestelike wyse te vertolk?**

---

---

In ons begrip van die Bybel is ons afhanklik van die Heilige Gees. Sonder die Heilige Gees is die geestelike betekenis van bybelse woorde nie onderskeibaar nie, slegs hulle taalkundige (of letterlike) betekenis. Verder is die sondige mens dikwels gekant teen God se waarheid, nie omdat ons dit nie verstaan nie, maar omdat ons verkies om dit eerder nie na te volg nie. Sonder die Heilige Gees is daar geen toegeneentheid jeens die boodskap van God nie. Daar is geen hoop, geen vertrou en geen liefde in respons nie. Wat die Gees opwek, is altyd in harmonie met die waarheid wat in die Bybel verkondig word.

**“Talle teenstellende menings in terme van wat die Bybel leer, spruit nie voort uit enige onduidelikhede in die boek self nie, maar vanuit die blindheid en vooroordele van die interpreteerders self. Die mens ignoreer die eenvoudige stellings van die Bybel om sodoende hulle verwronge idees na te volg” — Ellen G. White, *The Advent Review and Sabbath Herald*, 27 Jan. 1885 (vry vertaal). Op watter wyse was jou eie trots 'n struikelblok wat jou verhinder het om die waarheid van die Skrif in jou lewe in werking te stel? Op watter gebiede weerhou jou eie begeertes jou daarvan om God se waarheid in jou lewe te aanvaar? Hoe kan jy leer om alles aan God oor te laat?**

---

## Die Heilige Gees en die Woord

Die Heilige Gees, wat die inhoud van die Bybel aan die mens geopenbaar en geïnspireer het, sal ons nooit op enige wyse in teenstelling met God se Woord lei nie.

**Lees Johannes 5:39, 46, 47 en Johannes 7:38. Na watter gesag verwys Jesus in hierdie teksverse? Hoe bevestig die Bybel dit dat Jesus die Messias is?**

---

---

Sommige mense beweer dat hulle spesiale “openbarings” en opdragte van die Heiliges Gees ontvang het, wat in teenstelling met die duidelike boodskap van die Bybel staan. Vir hulle het die Heilige Gees ‘n hoër gesag as God se Woord verkry. Indien die geïnspireerde en geskrewe Woord van God tot niet gemaak word, en sy duidelike boodskap ontduik word, bewandel ons gevaarlike terrein en volg ons nie die leiding van God se Gees nie. Die Bybel is ons enigste geestelike voorsorg. Slegs dit is ‘n betroubare norm vir alle sake van geloof en gebruike. “Deur die Skrif praat die Heilige Gees tot die verstand en lê Hy die waarheid op die hart. So stel Hy dwaalleer aan die kaak en verban Hy dit uit die siel. Dit is deur die Gees van die waarheid, wat deur die Woord van God werk, dat Christus Sy uitverkorenes aan Homself onderwerp.”—Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, p. 671.

Ellen G. White het dit telkens duidelik gemaak: “[D]ie Gees is nie gegee, en kan nooit gegee word, om die Bybel oorbodig te maak nie; want die Skrifte leer duidelik dat die woord van God die maatstaf is waarvolgens alle leer en lewe getoets moet word.”—Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, p. 9. Die Heilige Gees word nooit gegee om die Woord van God te vervang nie. Dit werk eerder saam in harmonie met en deur die Bybel om ons na Christus te trek, en daarom maak dit die Bybel die enigste norm vir opregte bybelse geestelikheid. Ons kan seker daarvan wees dat, indien iemand uitsprake maak wat teenstrydig is met die Woord van God, daardie persoon nie die waarheid praat nie. Ons kan nie mense se harte en motiewe beoordeel nie. Maar ons kan wel teologie oordeel, en die enigste maatstaf wat ons het om daardie oordeel uit te spreek, is die Woord van God.

**Wat is sommige van die leringe wat mense poog om in die kerk te verkondig, wat duidelik teenstrydig is met die Woord van God? Wat moet ons reaksie wees op (1) die mense wat hierdie dwaalleer verkondig; (2) op die foutiewe leerstellings self?**

---

## Verdere leeswerk:

Lees Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, “Die Skrifte ‘n bron van veiligheid,” (hoofstuk 37, pp. 670 en verder). Lees ook Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, “Laat julle hart nie ontsteld word nie,” pp. 662-680.

Dink aan al die waarhede wat ons ken, slegs omdat dit aan ons in die Bybel geopenbaar is. Dink byvoorbeeld aan die skepping. Wat ‘n skrilte kontras tussen dit wat die Bybel leer oor hoe ons geskape is en hoe die mensdom dit leer – dit is deur die proses wat deesdae bekendstaan as “die neo-Darwiniese sintese.” Let daarop hoe verkeerd die mens dit het! Dink ook aan die wederkoms van Jesus en die opstanding van die dooies aan die einde van tyd. Hierdie waarhede sou ons nooit op ons eie kon leer nie. Dit moet aan ons geopenbaar word; en hulle is, in die Woord van God, wat deur die Heilige Gees geïnspireer is. Trouens, die belangrikste waarheid van almal, dat Jesus Christus vir ons sondes gesterf het, en dat ons deur geloof in Hom en sy werk vir ons gered word, is ‘n waarheid wat ons nooit op ons eie sou kon uitpluis nie. Ons ken dit slegs omdat dit aan ons deur die Woord van God vertel is. Wat behoort die feit dat hierdie noodsaaklike waarhede, wat alleenlik in die Bybel gevind word, aan ons te vertel dat God se Woord die middelpunt van ons lewens behoort in te neem?

## Vrae om te bespreek:

1. **Waarom is die Bybel ‘n veiliger gids in geestelike vraagstukke as subjektiewe indrukke? Wat is die gevolge daarvan indien ons nie die Bybel as ‘n standaard stel waaraan ons alle leerstellings en selfs geestelike ervarings kan toets nie?**
2. **Ons hoor dikwels die woord “waarheid” waar dit in verskeie kontekste gebruik word. Bespreek as klas die konsep van “waarheid”, nie slegs wat waar of nie waar is nie, maar oor wat dit beteken as ons sê iets is die “waarheid”. Wat beteken dit as iets “waar” is?**
3. **Hoe behoort jou kerk op te tree indien iemand daarop aanspraak maak dat hy “nuwe lig” het?**
4. **Bespreek die radikale verskille tussen dit wat die Bybel teenoor die mensdom leer oor die manier waarop die mens geskape is. Wat die mensdom leer, die nuutste begrip van evolusionêre teorie, is in algehele teenstelling met die Bybelse boodskap. Wat behoort dit ons te vertel waarom ons niks anders nie as die Bybel behoort te vertrou?**

